

Maandag 23 Januarie

Skrifgedeelte: Matteus 12:33-37

Fokusgedeelte: Matteus 12:33-37

Ek getuig deur die woorde van my mond

Jy is geroep om vir God te getuig. Om getuie te wees, is nie bloot teoreties nie, maar baie prakties. Om getuie te wees, is só prakties dat dit te doen het met die woorde wat jy sê. Jesus leer hierdie waarheid by wyse van 'n alledaagse beeld van 'n boom wat vrugte dra. Die boom verteenwoordig die hart van 'n mens en die vrugte in die beeld wys na die woorde wat 'n mens sê. Jesus het hierdie gelykenis gebruik na aanleiding van die lasterlike woorde wat die Fariseërs oor Hom gesê het. Die Fariseërs se harte was sleg, daarom het slegte woorde uit hulle mond gekom.

Waar die hart van vol is, loop die mond van oor. Die hart van 'n mens is 'n skatkamer. In die skatkamer bêre 'n mens die goeie of die slegte. Die Fariseërs het sondige eiegeregtigheid en haat teen Jesus opgegaan, daarom het lasterlike woorde oor Jesus uit hulle monde gevloei. Wat in jou hart is, of dit nou geloof of ongeloof is, kan nie weggesteek word nie. Dit moet uitkom in die woorde van 'n mens se mond. Christus het jou deur sy dood en opstanding nuut gemaak. In jou hart leef die Heilige Gees. Hy het ware geloof in God in jou hart gewek. Laat die geloof waarvan jou hart vol is, omskep word in woorde van geloof wat uit jou mond kom. Wees getuie vir God in wat jy sê. Praat oor sy genade, sy trou, sy liefde en sy heiligheid. Daar is soveel om te sê! Oor die woorde wat 'n mens sê, goed of ydel en sleg, sal gepraat word wanneer Christus weer kom. Woorde is getuie van geloof of ongeloof. Die slegte woorde uit 'n ongelowige hart sal daarom tot ewige veroordeling lei! Die goeie woorde uit 'n gelowige hart sal tot saligheid lei!
Sing: Psalm 19:4, 7 (1936)

Ds. PJ (Johan) Nel (Akasia)